**20 Augustus**
**Skrifgedeelte: Psalm 103:6-12**
**Fokusgedeelte: Psalm 103:11-12**

**Nabyheid en afstand**

Hoe ver is die ooste van die weste? Het jy daaraan gedink dat as jy oos reis, jy inderdaad nooit op die plek kom nie waarvan jy kan sê: ”Hierdie is ‘oos’!” As jy wes reis, sal jy ook nooit op die plek kom nie waarvan jy kan sê: “Hierdie is ‘wes’!” Ruimtelik is die ooste en die weste dus ‘n onmeetbare afstand.
Die belofte van die Here lui (vers 12): “So ver as die ooste van die weste af is, so ver verwyder Hy ons oortredinge van ons af.”
Elke dag oortree ons die wet van die Here in ons gedagtes, woorde en dade. Hoekom verwyder die Here ons sonde so ver? Dit is omdat sy liefde so groot is (vers 11), so groot soos die afstand tussen hemel en aarde. Hoe groot is dit nie! Ons het die bewys van sy liefde in sy Seun. Hy stuur sy enigste Seun om te sterf vir ons sondes. In Christus is ons by God, naby Hom. Hy is so naby dat Hy ons beveel om sy liggaam te eet en sy bloed te drink. Hy is so naby dat ons weet dat Hy teenwoordig is waar twee of drie in sy naam vergader.
*Sing: Psalm 103:5,6 Ds PA Coetzee (Potchefstroom)*